

Sondag 13 Mei

Skrifgedeelte: 2 Johannes :1-6

Fokusgedeelte: 2 Johannes :4-6

Leef die waarheid in liefde – waarheid en liefde het alles met mekaar te doen

Ons kan die tweede brief van die apostel Johannes breedweg in twee dele verdeel. Die eerste deel (vs 1-6) het 'n meer na-binne-gerigtheid. Gelowiges moet die waarheid ken en in die waarheid wandel en mekaar liefhê. Die tweede deel (vs 7-13) is weer meer na buite gerig. Misleiers het in die wêreld ingekom en bedreig gelowiges se wandel in die waarheid.

Die waarheid hier is die waarheid van Jesus Christus. Dit is wat Christus geleer het en wat Hy gedoen het en waarmee Hy die apostels die wêreld ingestuur het. Die waarheid is die evangelie.

Ons vind hier die versoek dat ons as gelowiges mekaar moet liefhê. Die begrippe “waarheid”, “liefde” en “gebod” of “gebooie word hier afgewissel. Dit is moeilik om te sê waar hou die een op en waar begin die ander een. Tot waar gaan die waarheid en waar neem die liefde dan oor?

Waarheid en liefde sluit mekaar nie uit nie. Inteendeel: As jy dink dat jou wandel in die waarheid veroorsaak dat jy ander nie kan liefhê nie, verstaan jy nie die waarheid nie. So ook, as jy dink dat jou liefde vir ander beteken dat jy op sekere punte van die waarheid kan toegee, dan verstaan jy ook nie die aard van die liefde nie.

Waarheid en liefde het alles met mekaar te doen. As jy iemand werklik liefhet, kan jy nie daarmee vrede maak dat hy nie in die waarheid wandel nie. Jy soek die beste vir hom, en die beste vir hom en vir enige mens is om deur Jesus Christus verlos en met God versoen te wees.

Sing: Skrifberyming 9-4:1, 4, 5

Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)